**29 Januarie** **Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:21**
**HK, Vraag 29**

## Jesus – Verlosser van ons sondes

Elke naam op aarde het ’n oorsprong en betekenis. As jy jou eie naam sou nagaan, sal jy die spesifieke betekenis ontdek. Die eerste funksie van ’n naam is om iets te skets oor die persoon. Ons doen dit vandag eerder deur byname.

Die naam Jesus beteken: “Die Here is verlosser of vrymaker.” Uit die Skrifgedeelte is dit duidelik dat God die Vader wou hê dat sy Seun só bekend sou staan. Hiermee sê God iets oor sy Seun se rol en taak op aarde. God gee self in ’n droom aan Josef die opdrag om sy Seun *Jesus* te noem.

Jesaja word in vers 23 aangehaal om aan te toon dat dit al lankal die bedoeling van die Vader was om sy Seun as verlosser na die aarde te stuur. Die naam Immanuel wat Jesaja gebruik, beteken “God by ons”, hier veral “God as die Verlosser by ons”.

In vers 21 verduidelik God die rede vir Jesus se naam: “*...* want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Hy kom om te verlos en daarom is sy naam “Verlosser”. Hy verlos ons van sondeskuld en die mag van die bose. Ja, Hy skenk die ewige lewe vir hulle wat glo (Joh 3:16).

Sommige meen vandag dat Jesus maar ’n goeie voorbeeld vir ons was. Sy naam maak egter duidelik dat Hy nie net ’n goeie voorbeeld is nie, maar Verlosser! Voorbeeldigheid kan ons nie bevry van ons sondeskuld nie, slegs die dood en opstanding van Jesus en ons geloof in Hom.

*Sing: Skrifberyming 3-1:2* *Dr. NP Heystek (Wapadrant)*